Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 04/2026

27 Februarie 2026

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

**Ps. 1:3a "En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd ..."**

'n Boom wat floreer, is 'n pragtige beeld van ons skool. 'n Boom wat diep gewortel is en wat vrug dra op die regte tyd. So begeer ons dit ook vir ons kinders: dat hulle sal groei en vrug sal dra tot eer van God.

Maar wat beteken dit vir 'n Gereformeerde skool om 'n **florerende skool** te wees? En nog belangriker: Dra ons vrug?

Daar is vyf kernareas wat kan aandui of 'n Christelike skool floreer:

**1. Doel**
Die doel van Gereformeerde onderwys is om kinders na die Here te lei en hulle te leer om Hom in alle dinge te ken en te dien. Ja, ons dra kennis oor, maar as dit slegs by blote kennis bly, het ons "'n klinkende simbaal" geword. Ons roeping is om kennis en wysheid te verbind, sodat leerders kan ontdek: **Die Here is Koning oor elke vak, elke feit en elke waarheid**.

Bybelse integrasie moet dus sigbaar wees, nie net in wat ons leer nie, maar ook in hoe ons leer. Elke les en elke gesprek behoort by te dra tot die verwesenliking van hierdie doel.

**2. Verhoudings**
'n Florerende skool is 'n verhoudingsgerigte skool. Bome groei nie alleen nie, dit is deel van 'n groter ekosisteem. Net so floreer 'n skool wanneer daar ondersteuning en betrokkenheid binne die hele skoolgemeenskap is.
Verhoudings, mentorskap, betrokke ouers en ondersteuning vanuit die breër gemeenskap vorm die ruggraat van 'n gesonde skool.

**3. Onderrig en leer**
Leer is nie net vir kinders nie, dit is 'n lewenslange proses. Indien ons wil hê ons leerders moet groei, moet ons as leiers, onderwysers en ouers ook bereid wees om te groei.

'n Florerende skool is 'n leergemeenskap. Dit beteken ons verwerk terugvoer met nederigheid, ons bly oop vir nuwe insigte, en ons belê doelbewus in professionele ontwikkeling. Wanneer onderwysers opgeskerp word in nuwe metodiek en navorsing, dien dit uiteindelik die kinders in die klaskamer.

**4. Kundigheid en hulpbronne**
Passie vir onderwys is kosbaar, maar passie alleen is nie genoeg nie. Een van die grootste struikelblokke vir groei is 'n gebrek aan kundigheid of swak bestuurde hulpbronne.

Om 'n florerende kultuur te vestig, is goed opgeleide personeel, kwaliteit-onderrig en verantwoordelike bestuur van hulpbronne noodsaaklik. Wanneer gawes en middele wys bestuur word, skep dit 'n omgewing waarin leerders kan ontwikkel en uitblink.

**5. Welstand**
Onderwys is 'n veeleisende beroep. Dit vra emosioneel, geestelik en fisies baie van 'n mens. Daarom is dit noodsaaklik dat onderwysers na hulle geestelike, intellektuele, emosionele en fisiese welstand omsien.

'n Gesonde werk-lewe-balans is nie 'n luukse nie, dit is noodsaaklik. Swak welstand kan lei tot uitbranding en selfs 'n negatiewe invloed op leerders se akademiese en gedragsuitkomste. Uiteindelik kan slegs 'n florerende onderwyser help dat leerders floreer en 'n kultuur van groei vestig.

Floreer gaan nie oor volmaaktheid nie, dit gaan oor **voortdurende groei en getrouheid aan God se roeping**.

Ons skool het nog ruimte om te groei. Ons leer elke dag. Maar wat wesenlik is, is dat ons verbind bly tot ons roeping:
om God se koninkryk deur middel van onderwys uit te brei;
om ons skoolgemeenskap te dien volgens sy unieke behoeftes;
en om alles wat aan ons toevertrou is, tot eer van God te bestuur.

Mag ons, soos die boom in Psalms 1, diep gewortel bly in die Woord sodat ons op God se tyd vrug sal dra.



***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **28/02:** Kleuteratletiek
- **4/03:** HS Loopbaanskou te HS Overkruin (Gr.11 en 12)
- **5/03:** HS Netbal vs Maragon Mooikloof
- **6/03:** LS Bulletjie rugby vs LS Villiera (Day/Night)
- **6/03:** Predikante-ontbyt
- **10/03:** HS Tafeltennis HS Zwartkop 1
- **12/03:** HS Tafeltennis HS Waterkloof 3
- **12/03:** HS Netbal vs HTS JV
- **12/03:** HS SAMF-Olimpiade
- **13/03:** HS Dinee (Gr.8-12)

# Dit is amper konserttyd!

**Wanneer laas het jy ’n sprokie gelees?**
Dalk die Drie Varkies of Gouelokkies en die Drie Bere? Wel, binnekort kom hulle — en nog vele ander bekende karakters by ons kuier. Wil jy weet wat meisies mooi en kosbaar in sprokies vind? En wat seuns daaruit leer en raaksien? Dan is hierdie konsert beslis vir jou. Elke graad, vanaf Graad RRRR tot Graad 7, neem deel aan hierdie besondere geleentheid wat elke tweede jaar by ons laerskool plaasvind.

**Hoekom is ’n konsert belangrik?**
’n Konsert is soveel meer as net mooi kostuums en vrolike liedjies. Dit is ’n leerskool vir die lewe. Kinders leer om saam te werk. Hulle ontdek gou dat spanwerk nie kan slaag as elkeen sy eie wil nastreef nie. Selfs die maat wat oortuig is hy of sy is met twee linkervoete gebore is, besef vinnig: ek is nie alleen nie!

Hulle leer ook om vas te byt. Dieselfde liedjie en bewegings word oor en oor geoefen. Soms raak hulle moedeloos, met die lied of met hulself. Maar juis dáár word deursettingsvermoë en selfbeheersing gevorm.

Grootmotoriese vaardighede ontwikkel sommer saam met die oefening. Bewegings moet gekontroleerd en ritmies uitgevoer word. Twee linkervoete word stadig maar seker afgeronde regtervoete!

En dan is daar die musiek.
Dit moet gememoriseer word, en dit is gewoonlik die juffrouens se grootste kopkrap om die regte liedjies te kies. Dit moet die kinders én die ouers se smaak tref wat bykans onmoontlik is! Maar wanneer ’n gunstelingliedjie spontaan saamgesing word, weet ’n mens: dit was die moeite werd.

**Ons tema: Sprokies**
Vanjaar se konsert draai om sprokies, met ’n belangrike boodskap: Die lewe is nie ’n sprokie nie. Harde werk, deursettingsvermoë en dankbaarheid vorm deel van die werklikheid waarin ons leef.

**Datums om te onthou**
31 Julie en 1 Augustus 2026

Ons kan nie meer wag nie! Kaartjies sal binnekort by die laerskoolkantoor beskikbaar wees. Hou gerus ons Facebook-blad dop vir verdere inligting.

Kom deel saam in hierdie feestelike sprokiewêreld — waar elke kind ’n rol speel en elke storie tel.




Dit is amper
KONSERTTYD!
Sprokie vir 'n stadskind
Hou ons dop ...
VRYDAG
31
Julie
SATERDAG
1
Aug.
Wees sterk en vol moed







## Glasherwinning

Help ons glas insamel!

Ons skool neem deel aan die glasherwinningskompetisie in Gauteng wat Oktober eindig.

In die verlede het ons 'n eerste plek behaal en daarmee saam 'n kontantprys gewen – iets waaroor ons baie dankbaar is!

Hierdie jaar is ons insameling egter laer as gewoonlik. Daarom het ons elkeen se hulp nodig om weer daardie topposisie te bereik.

Bring asseblief jou glasbottels en -flesse skool toe en gooi dit in die herwinningsdromme.

Elke bottel tel – laat ons saamwerk om weer die eerste plek in te palm en te wys ons skoolgemeenskap is 'n gemeenskap wat kan saamwerk!

Dankie dat julle almal ook saam help om ons omgewing skoon te hou.




## *Kleuterskool*

**Belangrike datums:**

**28 Februarie:** Kleuteratletiek
**25 Maart:** Fotodag
**25 Maart:** Oueraand



# Kleuterskool








Laerskool

# TOETSROOSTER

## Kwartaal 1 (2026)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Vr. 27 Feb.** | | | | Afrikaans |
| **Di. 3 Maart** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Wo. 4 Maart** | | | | Tegnologie |
| **Do. 5 Maart** | SW | SW | SW | SW |
| **Di. 10 Maart** | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| **Do. 12 Maart** | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | Nat & Tegn. | NW |
| **Vr. 13 Maart** | | | | EBW |
| **Di. 17 Maart** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Veldskool |

Leerlinge ontvang 9 Februarie hulle afbakenings.

Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Lewensvaardighede/ Lewensoriëntering vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.

Die toetsreeks vir die laerskool (graad 4 -6) begin Dinsdag, 3 Maart. Die graad 7's het vandag alreeds hulle eerste toets geskryf.

# Hoërskool

**Netbal vriendskaplike wedstryd**

Donderdag, **5 Maart 2026** speel die hoërskool se netbalspanne 'n vriendskaplike wedstryd teen **Maragon Mooikloof** op die GSDP-velde. Die wedstryde begin om **14:30**. Kom ondersteun gerus ons spanne in jou sosiale drag!

**Kommunikasie**

Sluit asseblief aan by die verskeie sportkodes se **Whatsapp-groepe**. Al die nodige inligting word slegs op die verskeie sportgroepe gedeel.

**Sosiale drag**

Leerlinge mag vanaf DV **13 Maart** weer sosiale drag op Vrydae dra. Ons versoek ouers om asseblief toe te sien dat hul korrek geklee is volgens die reëls in die dagboek.



# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius 3 +

Kids Genius 5 +

A+ STUDENTS Genius Mathematics

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

**JUFFROU RACHELLE**

**074 956 0796**

Wiskunde hulp by jou skool!

Is Wiskunde 'n uitdaging?
Ek is hier om te help!

Vir Graad R - Graad 7 leerders.

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL

Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde! Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016


EDGE COMMUNICATIONS
Jou volledige kommunikasiedepartement
Edge COMMUNICATIONS
Sosialemediabestuur
Mediaverhoudinge
Grafiese ontwerp
Webwerfontwikkeling
MUKHANYO Theological College
STUDY WITH Excellence
Our library is open and ready to support your learning journey!
Plantcare Services
Looking to add some
GREENERY
to your space?
Plantcare services has the following options
DIE BOER SE STRYD IS ONS ALMAL SE STRYD
Beskerm Suid-Afrikaanse landbou
TLU SA
BOERE-BEMARKINGSDAG
VIVO BOERE-BEMARKINGSDAG 2025
LANDBOU-EKSPO IN LIMPOPO
GENESIS K9 GROUP
Rev. Tebogo Rakgal
MUKHANYO Theological College
Kontak ons om jou besigheid se beeld en identiteit te verbeter!
081 233 8351
info@edgecommunications.co.za

# GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

---

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

---

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)

Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Sosiale Wetenskappe

Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede

Studiemetodes en eksamenvoorbereiding

Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**


HET JY GEWEET?
Akademia vier spogmatriekuitslae met merietebeurse vir jou eerste jaar van studie
B'S EN V'S GELD
www.akademia.ac.za


WERKSYN
Welstand is wat ons doen.
Werksyn is hoe ons dit doen.
www.ondersteunons.co.za
SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Snapscan Kodes

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die “snapscan”-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

GSDP-BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na “Get a MySchool card now”. Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

